PAY-projek

Wil jy werksondervinding in die Staatsdiens opdoen?
Jy hoef nie verder te soek nie!

Die Eerste Werkservaring PAY-projek bied matrieks werkservaring en opleiding aan vanaf 1 April 2022tot 31 Maart 2023. Dit kan lei tot ‘n geleentheid om vir ‘n beurs in aanmerking te kom sodat jy verder in jou veld van belangstelling kan studeer!

Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

Doen aansoek vir ons program en dan maak ons die opdoen van werksondervinding beter **VIR JOU**

Is hierdie jy?

- Jy het die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) eksamen in die Wes-Kaap geskryf en geslaag
- Jy is nie van plan om in 2022 verder te studeer nie
- Jy is 'n Suid-Afrikaanse burger, wat in die Wes-Kaap woon
- Jy het geen netwerk of steun om jou te help om beroepskeuses te maak nie
- Jy het finansiële probleme
- Jy is 24 jaar oud of jonger

Indien jy "JA" op al die vrae geantwoord het, is die PAY-projek vir jou!

Die volgende departemente gaan indiensopleiding aanbied:

1. Departement van die Premier
2. Departement van Landbou
3. Departement van Gemeenskapsveiligheid
4. Departement van Kultuursake en Sport
5. Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
6. Departement van Omgewingsake & Ontwikkelingsbeplanning
7. Departement van Gesondheid
8. Departement van Menslike Nedersettings
9. Departement van Plaaslike Regering
10. Die Provinsiale Tesourie
11. Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
12. Departement van Vervoer en Openbare Werke
13. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD)

Maak dit 'n werklikheid!:

- Voltooi die aanlynaansoekvorm by https://sayouth.mobi/p/WCDoTP/o/196970 (Aansoeke open op Woensdag, 05 Januarie 2022).
- Kom voorbereid om 'n kort verklaring oor jou belangrikste vaardighede en vermoëns, belangrike prestasies en ervaringe en loopbaandoelwitte te skryf.
- Sluitingsdatum vir aansoeke: Woensdag, 26 Januarie 2022.

Wat gaan jy bereik?

- Werksondervinding in die staatsdiens
- Kontakbare verwysings vir jou splinternuwe CV
- 'n Stel vaardighede en ondervinding wat jou meer bemarkbaar gaan maak
- 'n Jaar om ingeligte loopbaangerigte besluite te maak met 'n netwerk wat jou ondersteun

Jy kan ook verder:

- Jou NSS-uitslae verbeter om 'n groter kans to staan om toelating tot 'n universiteit/Tegniese en Beroepsgerigte Onderwys en Opleiding (TVOO)-kollege te kry

Wenke vir aansoeke:

- As jy nie 'n e-posadres het nie, skep onmiddellik een. Jy het dit nodig om aansoek te doen.
- Jy moet eers registreer voordat jy kan aansoek doen.
- Stoor asseblief jou gebruikersnaam en wagwoord in 'n veilige plek sodat jy dit kan kry wanneer jy dit nodig het.
- Vind die openbare biblioteek naaste aan jou met toegang tot die internet.
- Vind die Thusong-dienssentrum naaste aan jou en bepaal of hulle toegang tot die Internet bied.

Vir meer inligting:

Besoek http://www.westerncape.gov.za/PAY of skakel die Wes-Kaapse Regering Kontaksentrum-hulplyn: 0860 142 142 of die PAY-kantoor: 021 483 0742/9456 kantoorure. .